SUIDPUNT
INWONERSVERENIGING
RESIDENTS' ASSOCIATION

NEWSLETTTER 2016/4
DEC 2016

INTRODUCTION

This is the fourth newsletter for this year. A special thankyou to all the people who gave feedback on the previous newsletter. Your inputs are highly appreciated. Please also take note that we now have an updated logo for the Suidpunt SIV/SRA as above.

Somerseisoen is hier, en hiermee dan die SOMER vakansie-program.

Desember 2016/Januarie 2017 AKTIWITEITE

DAAGLIKS	**STRUISBAAI: MINI AKWARIUM, CALTEX, HOOFSTR: VOER VISSE: 9h00 – 9h30**	**028 435 6700**
ELKE WOENS	**L'AGULHAS: ROLBAL, POOL STR, 14h30**	**071 688 7036**
ELKE VRYDAG	**L'AGULHAS: ROLBAL, POOL STR, 15h30**	**071 688 7036**
ELKE SAT	**L'AGULHAS: ROLBAL, POOL STR, 14h00**	**071 688 7036**
DINS & DON	**L'AGULHAS: JUKSKEI LIGA, MELKBOS STR, 14h00**	
DATUM	**EVENT**	
1	**BUSINESS WOMAN CHRISTMAS LUNCH at ZOETENDAL WINE FARM, near ELIM ON R45: 11h00, R115pp, bring school stationary as gift along: please book**	**072 584 0923**
1	**CHRIS ELSE KONSERT: R50pp, BREDASDORP NG KERKSAAL: 19h00**	**079 184 2967**
2 – 4	**WEEKENDER MUSICAL: ARNISTON/WAENJUISKRANS at R180pp per day, tickets available at www.webtickets.co.za**	
11	**KERSSANGDIENS STRUISBAAI NG KERKSAAL: 9h30**	**028 435 6789**
13 – 20	**STALLETJIES & RESTAURANT in NG KERKSAAL STRUISBAAI van 9h00 – 14h00**	**028 435 6789**
13 – 25	**STRUISBAAI KERSMARK in TENT, HOOF STR STRUISBAAI: 9h00 – 17h30**	**084 517 7070**
16	**CAPE AGULHAS HOLIDAY RUN: REGISTRATION from 16h00 – 18h00**	**021 884 4752**
16	**CAPE AGULHAS HOLIDAY RUN, 10km/5km, NG KERKSAAL STRUISBAAI: 18h00**	**021 884 4752**
16	**VERSOENINGSDAG-DIENS, NG KERK, COOPER STR, L'AGULHAS**	**028 435 6789**
16	**LUMO PARTY at THE SHED, STRUISBAAI INDUSTRIA: 20h00**	**072 814 4454**
16	**BLACK OYSTER CATCHER BEER FESTIVAL: 10h00, launch of brand new FRASER'S FOLLY BREWHOUSE**	**028 482 1618**
17	**CAPE AGULHAS CLASSIC MTB: REGISTRATIONS: STRUISBAAI NG KERKSAAL: 6h00 – 8h00**	**021 884 4752**
17	**CAPE AGULHAS CLASSIC MTB RACE: 10km / 25km / 46km / 72km: STRUISBAAI NG KERKSAAL, STALLS: 7h30 – 14h00**	**021 884 4752**
17	**WALLY'S RAMBLES: 9h30 from COAST, MAIN RD, L'AGULHAS: please book**	**082 220 7148**
17	**LANGARM at THE SHED, STRUISBAAI INDUSTRIA: 20h00 – 23h00**	**072 814 4454**
17	**BREDASDORP RACEWAY, MOTORSPORT: 17h00**	**082 891 1096**
17 – 24	**WINE TASTING at WINE BOUTIQUE, MAIN RD, L'AGULHAS: 11h00 – 17h00**	**082 567 7858**
18	**KERSSANGDIENS STRUISBAAI NG KERKSAAL: 19h30**	**028 435 6789**
18	**KIDDIES MORNING at THE SHED, STRUISBAAI INDUSTRIA: 10h00 – 12h00 (bring kiddies to dance)**	**072 814 4454**
20	**UNDER 18's SOKKIE at THE SHED, STRUISBAAI INDUSTRIA: 16h00 – 20h00**	**072 814 4454**
20	**AIDA ROLBAL PRETDAG: L'AGULHAS ROLBALBAAN: 13h00 VIR 13h30: R40pp**	**028 435 7400**
20	**PSS JUKSKEI GEBORGDE TOERNOOI: L'AGULHAS JUKSKEIBAAN, MELKBOS STR: 13h00**	**084 582 9022**
20	**STRUISBAAI FUNPARK LAUNCH: MAIN RD, STRUISBAAI (next to CALTEX): 10h00**	**076 550 9201**
21	**AIDA TENNIS ROUNDABOUT: STRUISBAAI TENNISKLUB, HOOF STR: 7h00**	**082 591 7330**
21	**LANGARM at THE SHED, STRUISBAAI INDUSTRIA: 20h00 – 23h00**	**072 814 4454**
21	**BASAAR: NG KERKSAAL STRUISBAAI: 9h00**	**028 435 6789**

22	**AIDA TENNIS TOERNOOI: STRUISBAAI TENNISKLUB, HOOF STR: 7h00**	**082 591 7330**
22	**AIDA FAMILY FUN DAY at STRUISBAAI ANGLING CLUB, MAIN RD, STRUISBAAI, presents -**	**028 435 7400**
22	**- 11h00: RADIO OVERBERG FM**	**028 435 7400**
22	**- 11h00: STERKMAN KOMPETISIE & VERTONING**	**028 435 7400**
22	**- 11h00: VETERAAN MOTORS UITSTALLING**	**084 200 1204**
22	**- 12h00: STRUISBAAI GOT TALENT: inskrywings by AIDA tot 19 Nov teen R50pp: uitdunne 20 Nov: finaal 22 Des**	**028 435 7400**
22	**- 14H30: MNR & MEJ STRUISBAAI: inskrywings by AIDA 16 – 21 jr, sluitingsdatum 20 Des: uitdunne 21 Des: Finaal 22 Des: hoogborg SUIDPUNT POTPOURRI**	**028 435 7400**
22	**- 16h00 TOT LAAT: CHRIS ELSE OPTREDE**	**028 435 7400**
22	**- 17h00: AIDA NEON COLOUR FUNRUN/WALK: inskrywings by AIDA: R50pp**	**028 435 7400**
22	**CAMPBELLS OPTREDE, STRUISBAAI NG KERKSAAL: 19h30: R100 kaartjie, kinders o/12 R60 Bespreek STRUISBAAI STATIONARY in MALL**	**084 589 7999**
22	**LOLLOS-oggend: NG KERKSAAL, STRUISBAAI: 10h00**	**028 435 6789**
23	**STRUISBAAI TOUCHIES, STRUISBAAI: registration 7h30, first game 9h00**	**082 492 3683**
23	**WALLY'S RAMBLES: 9h30 from COAST, MAIN RD L'AGULHAS, please book**	**082 220 7148**
23	**LUMO PARTY at THE SHED, STRUISBAAI INDUSTRIA: 20h00**	**072 814 4454**
24	**KERSSANGDIENS, STRUISBAAI HAWE: 21h00**	**028 435 6789**
25	**RADIO KANSEL OPELUGDIENS, STRUISBAAI op NOSTRA se gras: 9H00: Ds Corne vd Merwe**	**082 777 2353**
25	**KERSDIENSTE: STRUISBAAI NG KERKSAAL, HOOF STR: 7h00 & 9h00**	**028 435 6789**
25	**KERSDIENSTE: L'AGULHAS NG KERKSAAL, COOPER STR: 7h00, 8h00, 9h00, 10h00**	**028 435 6789**
25	**INTERDENOM CHURCH SERVICE: ENGLISH: SUIDERLIG DIENSSENTRUM, MALVERN ST, STRUISBAAI**	**028 435 6024**
26 – 30	**AIDA FAMILY FUN DAY: DIEPSEE HENGELKOMPETISIE: STRUISBAAI HENGELKLUB, HOOF STR**	**076 191 3744**
26 – 28	**BLACK OYSTERCATCHER SOS (Sauvignon Oyster Stout) FESTIVAL: 11h00: live music from BOTTOMLESS COFFEE BAND: tickets from www.webtickets.co.za**	**028 482 1618**
27 - 31	**WINE TASTING at WINE BOUTIQUE, MAIN RD, L'AGULHAS: 11h00 – 17h00**	**082 567 7858**
27	**KAM JUKSKEITOERNOOI: L'AGULHAS, MELKBOS STR: 13h00**	**084 582 9022**
28	**L'AGULHAS TENNIS TOURNAMENT: L'AGULHAS: 7h30: free entry, refreshments**	**072 237 6016 028 435 7722**
28	**UNDER 18's SOKKIE at THE SHED, STRUISBAAI INDUSTRIA: 16h00 – 20h00**	**072 814 4454**
28	**OVERBERG LIFESTYLE MAGAZINE POTJIEKOS KOMPETISIE, STRUISBAAI KARAVAANPARK: 13h00**	**082 821 0287**
29	**BLOEDSKENK, NG KERKSAAL, STRUISBAAI: 12h00 – 17h00**	**023 342 2450**
29	**STRANDVELD WINES TRAIL RUN (16km, 8km, 4.5km) & BUBBLY BREAKFAST: starts 7h00 please pre book**	**028 482 1902**
30	**WALLY'S RAMBLES:9h30 from COAST, MAIN RD, L'AGULHAS: please book**	**082 220 7148**
30	**TRANS AGULHAS RUBBER DUCKS ARRIVE from Stilbaai at STRUISBAAI, from approx. 10h30**	**084 556 4498**
31	**TRANS AGULHAS RUBBER DUCKS DEPART from STRUISBAAI, approx. 8h00**	**084 556 4498**
31	**OUJAARSAAND-VIERINGE by ARNISTON HOTEL**	**028 445 9000**
31	**NEW YEARS PARTY at THE SHED, STRUISBAAI UNDUSTRIA: 20h00**	**072 814 4454**
31	**STRUISBAAI OUJAARSDIENS: NG KERKSAAL: 19h00**	**028 435 6789**
31	**L'AGULHAS OUJAARSDIENS: NG KERKSAAL, COOPER STR: 23h30**	**028 435 6789**
2 – 7 Jan 2017	**WINE TASTING at WINE BOUTIQUE, MAIN RD, L'AGULHAS: 11h00 – 17h00**	**082 567 7858**

TERUGVOERING VAN RAADSLID BURGER

- **Struisbaai-Noord straatligte** - Eskom het uiteindelik ingestem om die instandhouding van Noord se straatligte onverwyld aan KAM Elektrotegnies oor te dra. Die Buurtwag/Polisie sal dit voortaan ook monitor en "dooie" ligte lys en aan Elektrotegnies deurgee. Klagtes hieroor kan ook deur die normale kanaal op die klagtestelsel (*Ignite*) gerapporteer of aanteken word wat dan deur die Elektrotegniese span opgeklaar sal word.

- Die gebou in Dolfynlaan, bekend as die "**Shield Centre**" van Me Liesa Schwartzenbek, is in proses om deur KAM oorgeneem en bestuur te word namens en tot voordeel van die Noord gemeenskap. Die fokus sal wees op volwasse opleiding, rekenaar opleiding en hulp aan skoliere met tuiswerk. Die sentrum sal ook beskikbaar wees as vergaderlokale vir onder andere die Buurtwag, Wykskomitee aktiwiteite en meer. Me Schwartzenbek is in die proses om meubels aan te koop as verdere bydrae.

- Vanaf Hoofweg al langs Industriaweg tot in die industriële area word ongeveer 15 **straatligte** aangebring … ter wille van veiligheid. Daar word ook 'n **spoedwal** gelê op die kruin van die

straat aan **Adellestraat** kant om verkeersafkoeling te probeer bewerkstellig. Neem gerus kennis dat KAM nou meer spoedkameras besit wat gewis gebruik word.

- Die **teer van die grondpad tussen Industriaweg en Adellestraat** word op die '17/'18 begroting geplaas.

- **Duikerstraat se ablusie** is binne pragtig opgegradeer. Daar is ook 'n rolstoelvriendelike toilet aan die kant ingerig. Die oprit mag dalk 'n uitdaging aan rolstoel gebruikers bied … maar planne word reeds gemaak om die helling by die ingang hiervan gemakliker te maak. Neem kennis dat alle munisipale ablusie snags gesluit is.

- **Aanwysingsborde** word oral vervang / aangebring ten einde orde en veiligheid te probeer verbeter. Hengel binne die met-boeie-afgebakende swemarea is verbode. So ook word bote/waterponies verbied om in die swemarea te kom. Neem gerus ook kennis van die Blouvlagstatus vereiste dat honde die swemarea belet word.

- Daar is 4 **voorafbetaalde kragpunte** aangebring by die muur oorkant die Duikerstraat ablusie en spasie sal afgemerk word vir informele handelaars / stalletjie eienaars. Terselfdertyd word 'n addisionele veiligheidslig aangebring om die area om die ablusie snags te verlig.

- Die **parkering voor Fish 'n More** in Cinnerariastraat is geformaliseer soos versoek. Neem gerus kennis dat daar geen parkering beplan was met die oorspronklike bou van die Struisbaai Mall nie en is dít wat nou gedoen is, die beste oplossing volgens die padingenieurs.

- **Nuwe ablusie op die Struisbaaiplein** behoort gereed te wees met die aanvang van die komende skoolvakansie. Daar is ook 4 addisionele voorafbetaalde kragpunte op die Plein aangebring … dus 8 kragpunte in totaal. Die uitleg en bestuur van alle Struisbaai/L'Agulhas **stalletjiepersele** of **informele handelspersele** word voortaan vanuit die Struisbaai munisipale kantore gedoen en wel onder toesig van Me Esmare Coetzee. Voornemende informele handelaars wat op munisipale persele handel wil dryf word aangemoedig om tydig met Me Coetzee kontak te maak (028 435 6538 / 082 537 5505). Let wel: Geen stalletjies/mobiele eenhede of tente sal voor 07:00 of na 19:00 op die Plein toegelaat word nie.

- **Verkeers Oortredings**. Neem gerus kennis dat twee wetstoepassers en 'n verkeersman aan Struisbaai/L'Agulhas toegewys is vir immers die duur van die vakansie. Hulle gaan vanuit die Struisbaai munisipale kantoor bestuur en ontplooi word in noue samewerking met die SAPD/Buurtwag/GPF. Hulle funksies gaan onder andere wees om puntdiens op druk-kruisings te doen op dae wanneer hoër as normale verkeersvloei ondervind word. Uiteraard sal verkeersreëls afgedwing en oortreders beboet word.

- **Verlenging van die wandelpad**. Die belofte vanaf die verantwoordelike ingenieur is egter dat daar eers in Februarie '17 hiermee begin sal kan word. Die draai in Spookdraai sal die beginpunt wees. Die plan is om voortaan jaarliks 'n bedrag te begroot en die totale lengte tussen die twee dorpe te voltooi. Wees gerus dat die strook langs die pad met minstens 'n 2 meter breedte oopgesny sal word voor die skoolvakansie begin - ongeag die bos/plant/struik in daardie strook.

- Die **Suiderstrandpad** is onlangs ten dele her-gruis en geskraap en sal inderdaad weer geskraap word teen die middel van Desember. KAM beskik nie oor padskrapers of dergelike toerusting nie en moet dit bepland inkontrakteer.

- **Struisbaai *Touchies*** sal weer vanjaar aangebied word op 23 Desember deur Mnr Grahame Bobrow van *Sportsman Group of Companies* - met KAM weer eens as borg van die prysgeld.

- KAM het sy optimum bereik ten opsigte van **inkomste generering** per kapita in reële terme. Wat nou oorbly, is om uitgawes te beheer op die korttermyn en gelyktydig ekonomiese groei te stimuleer op die medium termyn. Raadseiendom wat in onbruik lê, sal eenvoudig vervreem moet word aan voornemende entrepreneurs/beleggers wie begerig is om sulke eiendom produktief te maak. 'n Grondoudit is besig om gedoen te word ter wille van sinvolle besluite van moontlike vervreemding in oorleg met onder andere die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk. Terselfdertyd ontwikkel KAM 13 **addisionele industriële erwe** in die huidige Struisbaai Industriële park. Die proses (Impakstudie, sonering, et al) is bykans afgehandel waarna die Tegniese Departement met die bou en aanlê van water, elektries- en riool-infrastruktuur sal kan begin. Hopelik sal hierdie erwe teen die middel van 2017 te koop aangebied kan word.

- GPF/Buurtwag/SAPD/KAM Beskermingsdienste - het besluit dat **vuurwerke** vanjaar tydens ou-/nuwejaarsvieringe slegs tussen die Struisbaaihawe en die Hoofstrand aangrensend, en met inbegrip van beide, afgevuur mag word en wel slegs tussen 20:00 en 02:00. By implikasie, afvuur van vuurwerke/klappers op enige ander plek, datum of tyd is onwettig. Detail voorbereiding deur bogenoemde instansies is gedoen en hulle bevestig hulle gereedheid vir die seisoen op hande.

SUIDPUNT SIV/SRA ALGEMENE JAARVERGADERING/ANNUAL GENERAL MEETING

Die AJV vind om 10:00 op Dinsdag 27 Desember 2016 in die NG Kerksaal, Struisbaai plaas.

SIV DOELSTELLINGS

Die oorhoofse doelstellings en bevoegdhede van die SIV is, en sal wees:

- Om op 'n nie-politieke basis die kort- en langtermyn regmatige belange van sy lede as inwoners of belastingbetalers van die dorpe Struisbaai, L'Agulhas en Suiderstrand, te beskerm en te bevorder.

- Om aan te dring dat menseregte, demokrasie en regmatige deurgaans deur die plaaslike owerheid toegepas word.

- Om aan te dring dat KAM die beginsels en praktyke van volhoubaarheid in alle fasette bevorder, soos in beleid, bestuur, beplanning en ontwikkeling.

- Om KAM in sy regmatige beleidsrigtings, sake en aktiwiteite wat in ooreenstemming met die SIV se oorhoofse doelstelling is, te ondersteun.

- Om skakeling met die Suid-Afrikaanse Polisie te handhaaf oor die bekamping van misdaad en betrokke te wees by die plaaslike Polisieforum.

- Om verkeersreëlings, wetstoepassing en diensleweringsaspekte met die plaaslike Verkeersdepartement, die Polisie, SANParke en die Hawe en Mariene owerhede op te neem.

- Om donasies te ontvang, 'n bankrekening te bedryf, ten einde die SIV se finansies op 'n gesonde grondslag te vestig en, projekte uit te voer om die SIV se doelstellings te bereik.

- Om terugvoering na alle inwoners te fasiliteer.

- Inligtingsbrosjures, nuusbriewe en kommunikasie-media te skep en te versprei in belang van die SIV. Om kernvraagstukke, versoeke en behoeftes van inwoners aan die Wyksraadslid van wyk 5 deur te gee.

SIV BEFONDSING

Die SIV maak staat op jou donasies om sy bedrywighede te befonds. Daar word tydens die AJV donasies van belangstellendes ingewin en dan kan belangstellendes ook donasies in die SIV se spaarrekening deponeer. Die rekening besonderhede is as volg: Suidpunt Residents Association, ABSA Bank, Bredasdorp Tak, Rek Nr: 9268461130. Alle donasies sal waardeer word.

THE MOST SOUTHERN TIP DEVELOPMENT

The tender process for the Most Southern Tip development, which includes the construction of the Iconic Structure and the upgrade of 1.2km gravel road from the Lighthouse precinct to the most southern point is underway and should begin in the new year.

SOMER IS HIER

Soos die somervakansie nader kom, sien mens al hoe meer klein diertjies op ons paaie. Wees waaksaam vir veral die klein skilpadjies, slange en ander.

GENERAL

- Please take note that the SIV/SRA Facebook webpage (Suidpunt Residents Association) is up and running and being administered by Riana Fourie and Cornelia Van Rooyen.

- The Suidpunt Events Calendar is updated on a monthly basis. The Facebook page is administered by Maureen who can be contacted on 028 435-7185 by the 25th each month for inclusion of any events taking place in our area.

- Neem kennis dat **SEALY** straat tussen Long en Buitekant strate op Bredasdorp nou 'n **EENRIGTING** straat is. Dit is die straat tussen die nuwe Pick 'N Pay Mall en die Checkers Mall.

- The SIV/SRA has a representative on the **Struisbaai Community Policing Forum** where much important information regarding the safety and security in our area is discussed. Valuable policing statistics for our area is also presented on a regular basis. The Struisbaai CPF Facebook webpage can be accessed at: https://web.facebook.com/Struisbaai-Community-Police-Forum-279946305440033/?_rdr or just google Struisbaai community policing forum.

- Police statistics on crime show that we live in a very low crime area. However, people are reminded that the levels of criminal activity increase during the December/January season. Please be sensible and lock your valuables away and do not leave them untended in public areas when up and about.

- This newsletter is also published on the Cape Agulhas Tourism website at: www.discovercapeagulhas.co.za

- Kaap Agulhas Toerisme kantoor is elke dag van die jaar oop tussen 9H00-17H00,behalwe KERSDAG en PAAS VRYDAG.

- Struisbaai munisipale kantore sal inderdaad op beide die 2de en 3de Januarie gesluit wees maar weer Woensdag 4de Januarie '17 oop wees.

- **Errata**: Burgermeester is verkeerd gespel in die laaste uitgawe van die nuusbrief. Verskoning, dit was my fout. Regte spelling is **Burgemeester**.

- Enige klagtes oor dienslewering moet op 'n klagtevorm ingedien word by enige van die munisipale kantore. Dit help nie om te bel nie.

- If you know of any residents/owners who would like to receive this newsletter, please ask them to send me an e-mail with their name, surname, address/plot number and e-mail address to newsletter.sra@gmail.com

Disclaimer: ***While every effort is made to ensure that the information contained in this newsletter is correct, the use of the information is at reader's risk. If you spot any mistakes please point them out so that we can fix them.***

Please take note that, if there are any suggestions regarding the improvement of the flow of information via these newsletters, you are welcome to direct these suggestions to:

Keith Woolf at newsletter.sra@gmail.com